# F A VAN JAARSVELD SE STUDIES OOR DIE SUID-AFRIKAANSE HISTORIOGRAFIE

F J du T Spies

Waar daar in hierdie oorsig aandag gegee word aan wat prof. F A van Jaarsveld oor die Suid-Afrikaanse historiografie geskryf het, dien vooraf gestel te word dat geen aanspraak op volledigheid gemaak word nie. Hy het 'n hele aantal artikels in tydskrifte en universiteitsreekse oor die onderwerp gepubliseer. Ek het nie almal probeer opspoor nie. Die meeste daarvan het egter in later publikasies herverskyn en so het die meeste daarvan tog onder ons aandag gekom.

Uiteraard is dit nie altyd moontlik om die begrip *historiografie* te isoleer van ander teoretiese aspekte van die *geskiedenis* nie. Dus, waar prof. Van Jaarsveld ook heelwat oor die aard en sin van *geskiedenis* geskryf het, kon dit dikwels gebeur dat *geskiedskrywing* (historiografie) ook daar ter sprake kom. Om al hierdie gevalle aan te toon was nie doenlik nie.

Ook het ek nie probeer vasstel hoe sy interpretasie van die historiografie ontstaan en ryp geword het nie. Dit hou waarskynlik verband met die opleiding wat hy ontvang het, veral in Nederland, en hier kan die naam van prof. P J van Winter van Groningen seker genoem word. Die feit dat hy een van sy boeke aan prof. Van Winter opgedra het, is seker veelseggend. Hoewel sy opleiding in Nederland waarskynlik 'n stempel op hom gelaat het, weet almal wat hom ken dat hy geen slaafse navolger is nie, maar 'n selfstandige denker en iemand wat wyd lees en oop staan vir nuwe rigtings in sy vakgebied. Tydens 'n aantal studiereise oorsee het hy hom steeds probeer vergewis van hoe *geskiedenis* aldaar ontplooi.

Vir ons doel is drie van sy bundels opstelle tersake, nl. *Die Afrikaner en sy geskiedenis, Lewende Verlede* en *Geskiedkundige Verkenninge* wat agtereenvolgens in 1959, 1961 en 1974 verskyn het.[1] Eersgenoemde bundel bestaan uit twee "opstelle", soos hy hulle noem, eerstens *Geskiedenis as beeldvorming van die verlede* en tweedens *Die Afrikaner en sy geskiedenis (1836—1881).* Eintlik is slegs die tweede historiografies van aard, maar dit sluit tog aan by die eerste wat teoretiese aspekte van "geskrewe geskiedenis" behandel.

Prof. Van Jaarsveld maak gebruik van die terme *geskiedsbeeld* en *beeldvorming* (van die verlede). Soos 'n persoon, namate hy opgroei meer en meer bewus word van sy verlede — die proses van beeldvorming — so gebeur dit ook dat 'n volk of 'n gemeenskap gaandeweg ontwikkel en ryp word tot 'n besef van sy verlede en so 'n geskiedsbeeld ontwikkel. Soos 'n skokkende voorval, 'n krisis, 'n uur van beslissing, in die lewe van die indiwidu hom na die oorsaak daarvan laat soek of laat besin oor wat dit alles vir hom inhou, so gebeur dit dat 'n ingrypende gebeurtenis in die lewe van 'n volk of 'n gemeenskap ook die uitwerking het dat terug gekyk word op die pad wat afgelê is, op die aanleidende oorsake en die sin van dit alles, d.w.s. van sy geskiedenis. Dit is, baie simplisties gestel, die uitgangspunt van prof. Van Jaarsveld, soos ek hom begryp.

Met hierdie opvatting as raamwerk gaan hy dan die ontwikkeling van die geskiedsbeeld van die Afrikanervolk na. Hy vind dan ook die ingrypende gebeurtenisse,

[1] 'n Vierde bundel, *Wie en wat is die Afrikaner*, met twee nuwe opstelle oor die historiografie, het einde 1981, ná die skryf van dié bydrae, verskyn.

die krisisperiodes, wat die Afrikaner bewus gemaak het van sy geskiedenis. Dit is naamlik die Groot Trek, die anneksasie van Basoetoland, die anneksasie van die Diamantvelde, die anneksasie van Transvaal en die daaropvolgende Vryheidsoorlog. Hierby kan gevoeg word die Tweede Vryheidsoorlog, maar sy opstel gaan net tot 1881.

Tussen 1836 en 1881 onderken hy drie fases, nl. 1836—1854, 1854—1868 en 1868—1881. Die eerste periode dek die Groot Trek, die tweede 'n periode waarin "die beeld van die geskiedenis op die agtergrond raak" en die derde die periode waarin die Afrikaanse geskiedskrywing eintlik ontstaan. Laasgenoemde periode sien hy dan weer in drie fases, eerstens die ontstaan van die nasionale (en gevolglik historiese) bewussyn in die Oranje-Vrystaat, vervolgens dieselfde proses in die Kaapkolonie en ten slotte in Transvaal. Dit alles bring hy dan tuis onder die ontstaan van die Afrikaner se geskiedsbeeld.

Waar hy dit dan oor die navertelling van die geskiedenis, die geskiedskrywing, het, vind hy die eerste ontluiking daarvan in die geskrifte wat deur die Groot Trek geïnspireer is. Opvallend is dit dat dit hier nie uitsluitend gaan oor wat die Afrikaner oor sy geskiedenis skryf nie. Hy ruim hier plek in vir Nederlanders soos Lauts en Stuart en ook vir verengelsde Afrikaners soos Cloete en Watermeyer.

Wat die ontwaking van die historiese bewussyn onder die Vrystaters betref, is dit weer die Nederlander Hofstede en die Engelsman A F Lindley wat die verontwaardiging oor onreg onder woorde bring. Hulle het wel die taal van die Vrystaters gespreek, hoewel hulle dit respektiewelik in Nederlands en Engels bewoord het, maar Afrikaners was hulle nie.

Dié kom eers in die Kaapkolonie met die eerste geskiedenisboekie van die Patriotters: *Die geskiedenis van ons Land in die taal van ons Volk.* Die vonk van nasionale bewuswording het in 'n mate van die noorde af oorgespring, maar dit het tog ook uit eie bodem ontstaan met die bewuswording van 'n eie kultuur en taal. Dan volg die ontstaan van geskiedskrywing in Transvaal wat sterk verband hou met die lotgevalle wat hierdie staat te beurt val. Maar ook hier vind ons in hoofsaak Nederlandse skrywers soos Roorda Smit, E J P Jorissen en Lion Cachet, met die boek van Weilbach en Du Plessis as tog die eerste wat deur Afrikaners self geskryf is.

Een en ander van hierdie benadering is reeds terug te vind in 'n lesing wat prof. Van Jaarsveld in 1958 voor die Vierde Kongres van die Wysbegeerte gehou het oor *Die Afrikaner se Geskiedsbeeld*, wat dieselfde jaar in *Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika* gepubliseer is en later in die bundel *Lewende Verlede* opgeneem is. Trouens in die voorwoord tot laasgenoemde bundel verwys die skrywer ook na ander artikels van hom wat in tydskrifte soos *Standpunte, Hertzog-Annale, Historia, Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* en die *Huisgenoot* verskyn het.

Na my mening doen dit afbreuk aan die trefkrag van prof. Van Jaarsveld se stellings, nl. die feit dat jy telkens by die lees daarvan, dan hier dan daar, tot die ontdekking kom dat jy dit van te vore al gelees het. Weliswaar word die materiaal telkens van 'n ander kant en in 'n ander verband behandel in een opstel na die ander en vorm elkeen 'n omlynde geheel. Maar tog kom jy nie weg van die gevoel van herhaling nie. Daarenteen is daar natuurlik geen beswaar dat verspreide artikels in bundels versamel word nie.

Vir my is een van die insiggewende opstelle van prof. Van Jaarsveld sy *Ou en nuwe weë in die Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing*, sy intreerede toe hy in 1961 professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika geword het en wat in dieselfde jaar in die reeks *Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika* gepubliseer is. In 'n helder, beknopte, uiteensetting gaan hy die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing na: vertolkings vanuit 'n koloniale, imperiale en republikeinse gesigs-

punt en daarna die wetenskaplike geskiedskrywing tot 1948 soos ons dit onderskeidelik by Engelse en Afrikaanse historici vind. Vervolgens gaan hy na "die aanslag van 'n veranderde wêreld op die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing" soos dit tot uiting kom weer by die Engelssprekende en die Afrikaanssprekende maar ook by die Swartman. Wat die Engelse benadering betref vind hy dat dit in verband staan met "die Afrikanerregering en -nasionalisme, die verskerpte rassespanning en die mislukking van Liberalisme en die Ryk in Suid-Afrika". Wat die tweede kategorie betref vind hy die Afrikaanssprekende "gekonfronteer met die uitdaging van 'n nie-blanke meerderheid wat saam met die buitewêreld dreig om hom daarvan (d.i. die vrugte van oorwinning teen die Brit) te beroof". Die gesigspunt van die Swartman gaan hy na aan die hand van enkele boeke van swart skrywers. Dit hou verband met die "ontwaking van Swart Nasionalisme". "Ons kry hier 'n bèeld te sien wat so radikaal van die tradisionele blanke-interpretasie verskil dat ons van 'n 'Umwertung aller Werte' kan praat", skryf hy na aanleiding van die werk van Mnguni, *A History of South Africa.*

Sy prognose van die toekoms kom neer op 'n "hersiening van die Boer-Brit-verhouding en tweedens ondersoek na die wording van die blank-nie-blank-samelewing", moontlik ook "herinterpretasie van die historiese stryd tussen Boer en Brit" of "'n meer universele geskiedenisvoorstelling."[2] Dit skryf hy in 1961. 'n Mens vra jou af of sy siening tans, meer as twintig jaar later, nog dieselfde is, veral waar hy by 'n ander geleentheid die tydgebondenheid van die geskiedskrywer erg beklemtoon het: "Die tyd staan nie stil nie en met die gang van gebeurtenisse kom voortdurend nuwe vrae wat nuwe antwoorde verlang. Met die verskuiwing van die tyd verskuif die belangstelling en die vrae, en daarmee die beelde ook."[3]

'n Gedeelte van die Suid-Afrikaanse historiografie wat prof. Van Jaarsveld ook boei, gaan oor die Groot Trek. In 1957 verskyn in die *Hertzog-Annale* 'n artikel oor *Die ontstaansgeskiedenis van die begrippe "Voortrekker" en "Groot Trek"*, wat in 1961 in *Lewende Verlede* herdruk is met die verduideliking dat dit "'n byproduk van navorsing oor die Afrikaanse nasionale bewussyn" was;[4] dieselfde jaar *Biografieeë van die Groot Trek,* wat hy weer 'n byproduk noem van 'n omvattende werk waaraan hy besig was, nl. *Die beeld van die Groot Trek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing*; 'n jaar later *Die tydgenootlike beoordeling van die Groot Trek, 1836—1842*, wat ook later in die bundel *Geskiedkundige Verkenninge* opgeneem is; en ten slotte: *Die beeld van die Groot Trek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing 1843—1899*, wat in 1963 in die reeks *Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika* verskyn het. In die voorwoord tot laasgenoemde deel hy mee dat hy die "beeld" tot die "huidige dag" in 'n tweede deel meen te behandel. So ver my wete strek het die laaste voorneme nog nie in vervulling gegaan nie.

In laasgenoemde werk deel hy sy materiaal in opeenvolgende stadia in. Hoofstuk I behandel *Die visie van tydgenootlike geskiedskrywers*, waar hy enigsins aansluit by *Die tydgenootlike beoordeling van die Groot Trek*, maar waar dit in hierdie eerste artikel gaan oor die teenstrydige opinies van koerante en persone, gaan dit hier oor geskiedskrywers soos Chase, Cloete, Stuart en Holden, wat elk op sy beurt ontleed word. Hoofstuk 2 lui *Van 'n koloniale na 'n Suid-Afrikaanse visie*, waar met verwysings na die skrywers Wilmot en Chase, Theal, Hofstede, S J du Toit en Noble dan hierdie ontwikkeling geskets word. Hoofstuk 3 behandel ook so 'n ontwikkelingsfase: *Van die*

Sien vir bostaande aanhalings opeenvolgend pp.42, 45, 51 en 52 van *Geskiedkundige Verkenninge* waarin die bewuste opstel herdruk is.

3. *Lewende Verlede*, p.75.

*Lewende Verlede*, p.173.

*agtergrond vir die Transvaalse geskiedenis tot aparte studietema.* Van die boeke wat hy hier in oënskou neem vorm die Groot Trek by dié van Weilbach en Du Plessis, Lion Cachet en Theal nog steeds die agtergrond tot die later geskiedenis, maar die volgende twee, dié van Tudhope en Kestell, het dit oor die *Voortrekkers* as sodanig. In sy laaste hoofstuk toon hy aan hoe die Groot Trek-interpretasie deur die skerp Boer-Brit-teenstelling gedurende die laaste dekade van die negentiende eeu beïnvloed is, soos dit voorkom by die skrywers Wilmot, Hofmeyr, Du Plessis, Van Oordt en Voigt.

Die geheel gee nie alleen 'n blik in die subjektiwiteitselement in die geskiedskrywing nie, maar ook in die wyse waarop tydsomstandighede dit kan beïnvloed, maar dit toon ook aan hoe die Groot Trek steeds 'n belangriker plek in die oordeel van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywers inneem. Dit is jammer dat die lyn nie verder deur getrek is nie en die ryper werke van die twintigste eeu nie ook ontleed is nie.

Los van die Groot Trek verstrek 'n aantal boekbesprekings enigsins 'n insig van hoe prof. Van Jaarsveld die Suid-Afrikaanse historiografie in die twintigste eeu beoordeel. Die werke van Leyds oor die aanleiding tot die Anglo-Boereoorlog word begrypend behandel as produkte van die tyd en dit word gestel teenoor die ryper oordeel van skrywers soos G D Scholtz en ander. Aansluitend hierby is sy groter waardering vir maar ook skerper kritiek op J H Breytenbach se *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika.* Uit die jare 50 dateer 'n opstel, *Van apologetiek en objektiwiteit in ons Kerkgeskiedskrywing,* wat eintlik 'n genadelose ontleding is van prof. S P Engelbrecht se *Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika* en wat, na dit my voorkom, verband hou met die Nederduits Hervormde en die Nederduits Gereformeerde Kerk se kontroverse uit dié dae oor welke van die twee die oorspronklike Nederlandse kerk in Suid-Afrika is. Van 'n ander aard is sy resensie oor die *Oxford History of South Africa* deur Monica Wilson en L Thompson wat in die gees van sekere moderne opvattinge 'n radikale afwyking is van die tradisionele geskiedsbeeld. Dit laat hom die vraag stel of hierdie rigting 'n bedreiging vir ons opvattinge is en of dit maar net 'n "vertekende beeld" is.

Ten slotte iets oor prof. Van Jaarsveld se pleidooi om die skrywe van eietydse geskiedenis, 'n opstel wat in *Geskiedkundige Verkenninge* opgeneem is. Die skrywe van eietydse geskiedenis het vir hom enigsins 'n pragmatiese doel of funksie: "Daaruit volg selfkennis oor die herkoms en wese van die mens en die verhouding wat hy in sy eie tyd teenoor homself en na buite moet beantwoord."[5] Hy wys daarop dat beoefening hiervan beteken dat ook na ander dissiplines deurgedring word. Hy wys op die uniekheid van die Suid-Afrikaanse situasie, die blanke enklave in 'n swart kontinent. Die historikus mag hom wel op hierdie terrein begewe maar dan ontstaan die vraag of hy nog geskiedenis skryf. Die grens tussen geskiedenis en staatsleer of joernalistiek, strategiese studies, ens., word dan enigsins vaag. Prof. Van Jaarsveld is wel bewus van hierdie gevaar maar tog beweer hy: "Al sou die gebeurtenisse van die 'hede' nog nie 'geskiedenis' in die ware sin van die woord wees nie ... hoef dit nie om dié rede nie bestudeer te word nie". En dan die ietwat paradoksale stelling: "Wie sy eie tyd ken, sal die verlede ook beter begryp."[6] Gewoonlik word dit andersom gestel.

Dit is jammer dat die werk, wat prof. Van Jaarsveld op geskiedenisteoretiese vlak doen, nie meer navolging vind nie of selfs teenspraak en gesonde polemiek uitlok nie.

---

5. *Geskiedkundige Verkenninge* p.113.
6. *Geskiedkundige Verkenninge* p.115.